Saai die waatlemoen

Saai die waatlemoen,
saai die waatlemoen,
saai die waatlemoen,
saai die waatlemoen!
My mamma roei in die skuitjie, my pappa blaas 'n fluitjie, my boetie draai die orreltjie,
saai die waatlemoen!

WOORDE: TRADISIONEEL (FAK)

Rokkies wou sy dra

Rokkies wou sy dra
maar niemand kyk daarna,
en almal staan verslae oor sy die rokkies dra.
Oom Jannie se naam is Goggabie, Goggabie, Goggabie,
oom Jannie se naam is Goggabie. Mooi is sy, nie lelik nie.

WOORDE: TRADISIONEEL (FAK)

Ver in die wêreld, Kittie

Ver in die wêreld,
Kittie, Kittie, Kittie,
ver in die wêreld,
Kittie, Kittie oor die see.
Sy laat haar draai en sy laat haar swaai,
maar sy laat haar nie verraai,
sy laat haar draai en sy laat haar swaai,
maar sy laat haar nie verraai.

WOORDE: TRADISIONEEL (FAK)

So ry die trein

So ry die trein, so ry die trein, die Kimberley se trein.
So ry die trein, so ry die trein, die Kimberley se trein.
Hoor daar hoe stoom hy, stoom hy, stoom hy,
opdraand en afdraand,
Kimberley se trein.

TRADISIONEEL (FAK)